Brits

Brits, in die Noord-Westelike Provinsie, is noord van Pretoria onderweg na Rustenburg geleë. Dis in 1924 gestig op 'n plaas wat aan Gert Brits behoort het, vandaar die naam van die dorp. Brits is in 'n landbougebied geleë, wat van water uit die Hartebeespoortdam voorsien word. Veral tabak, mielies en sitrus word verbou. Daar is ook wildplase in die omgewing asook die De Wildt-Cheetah-sentrum en die Vaalkopdam-wildtuin.

Hoërskool Brits

STIGTINGSDATUM: 1942
LEUSE: KOERSVAS NA DIE KRUIN
ADRES: JOHANSTRAAT 1, BRITS

FNB

Skoolgeskiedenis

Die skool het uit die Brits Middelbare Skool ontstaan en is in 1942 Hoërskool Brits gedoop. Die hoeksteen van die huidige gebou is in 1945 gelê. In 1947 was daar 382 leerders, en tans is daar sowat 1200, onder wie 480 seuns.

Brits Rugby

Die Brits-vyftiental het hul eerste wedstryd op 7 Mei 1943 gespeel teen Afrikaans Hoër van Pretoria. In hul heel eerste seisoen het die span in die finaal om die Administrateursbeker gespeel, maar ongelukkig verloor. Die destydse breier was steeds nie tevrede nie, en het die span vier keer per week laat oefen. Die eerste beker is in 1949 deur die o.15 span ingepalm. In 1950 het A Herbst, kaptein vir twee jaar, die eerste Brits-speler geword wat vir die Noord-Transvaalse Skolespan gekies is. Hy was heelagter. In 1960 het die span vir die eerste keer gaan toer – Kaap toe. In 1966, toe Noord-Transvaal nog Verre-Noord, Suid-Oostelike Transvaal en Laeveld ingesluit het, het Brits vir die eerste keer die Administrateursbeker ingepalm – dit nadat een van sy spelers in die eerste minuut weens 'n besering die veld moes verlaat. Destyds is plaasvervangers nie toegelaat nie! In 1980 was die span Noord-Tranvaalse kampioene, maar hulle het in die semifinaal om die Administrateursbeker vasgeval. In 1995 is Brits van Noord-Transvaal (Blou Bulle) na Noord-Wes (Luiperds) verskuif, met onmiddelike sukses in kompetisies. Brits was nog altyd goed verteenwoordig by die Cravenweek. Tot 1994 het 25 spelers vir Noord-Transvaal gespeel, en sedert 1995 het heelparty vir die Luiperds uitgedraf, onder andere Rufus Holtzhausen, die kaptein van 2005, wat ook by die Cravenweek van 2004 in Nelspruit was. Hein Schnell was kaptein van die Noord-Transvaalse span en Stefan le Roux het twee jaar agtereenvolgens vir SA Skole gespeel, hoewel hy in 1994 op Waterkloof was. JP Mosterd het Noord-Wes se Cravenweekspan in 2006 aangevoer, waarna hy vir SA Skole gekies is. Hy is tans by die WP gekontrakteer. Pierre Diedericks was in die SA Skolespan wat in 2007 na Frankryk getoer het. Die stut Piet Krüger is die enigste oud-leerling wat Springbok was, maar Helgard Brink was kaptein van die SA Sewesspan. Oudleerlinge wat provinsiale kleure verwerf het, is Hein Schnell (Wes-Transvaal), André Skinner (Noord-Transvaal en Transvaal), Ronnie Levin (Noord-Transvaal), Peet Kleynhans (Noord-Transvaal en breier van Vrystaat), Bobby Myburgh (Noord-Transvaal), Chris Luther (Noord-Transvaal) en Jan Viljoen (Luiperds). Die rugbyskrywer George van Eck is ook 'n oudleerling. Die skool het tien rugbyspanne.

High School at Brits.

A high school class has been opened at Brits, at present only one class-room is available but is adequate for scholars who passed their leaving certificate at the end of last year. Two additional teachers have arrived and many students who would perhaps have been compelled to leave school are now able to pursue their studies. A high school has been a long felt want and is welcomed by all.

Rennie's Apteek.

P.O. BUS 116. BRITS. TOON 66.

Die mees moderne Apteek in Brits
Die plek vir suiwer medisyne en bevredigende bediening.
Alle fotografiese werk word aangeneem.
Trein en pos bestellings word dadelik verstuur.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Piet Kruger

"Ons het Drickus van der Walt van 2008 as ons rugbydirekteur aangestel. Ons wou iemand hê wat talent in die gebied kon eien, veral in agtergeblewe gemeenskappe. Ons wil die beste skool in die Noordweste. Ons het 'n progran begin in oorleg met die legendariese Noord-Transvaalse breier Blikkies Groenewald, wat 'n gimnasium- en fiksheidsprogram ingestel het. Daarby het ons die Brits-ondersteunersklub gestig om geld in te samel vir seuns wat in moeilike omstandighede leef. Omdat ons in die platteland geleë is, kom baie agtergeblewe leerlinge na Hoërskool Brits. Die klub se fondse help met vervoerkoste en huisvesting in die koshuis."

— Johann Zwarts
(1ste span breier vir vyf jaar sedert 1997)